

DIE KAAL PREDIKANT

In die boek Jona lees ons dat die Here hom na die Assiriërs stuur om 'n bekeringspreek aan hulle te lewer. Nadat Jona eers weier om die Here se opdrag uit te voer, gebruik die Here natuurkragte en 'n vis om Jona te dwing. Toe gaan hy maar teësinnig en halfhartig. Jona sê net agt woorde: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!" Honderd en twintig duisend Assiriërs toon berou en kom tot bekering. Ek glo nie enige predikant het al so 'n massabekering beleef nie! En dit na die korste preek ooit!

In Jesaja 20 lees ons weer van die Assiriërs. Hier tree 'n ander predikant, ds Jesaja, op. Jesaja was, anders as Jona, gewillig om die Here se opdrag uit te voer om vir Egipte en Kus tot bekering op te roep. Vir hulle te verkondig dat die Here die Assiriërs gaan gebruik om hulle te straf. Jesaja se preek, anders as Jona se kort preek, was drie jaar lank! Vir drie jaar loop hy op bevel van die Here kaal, sonder klere en sonder skoene rond! Hy lewer, so sê die Here self, 'n baie treffende en lewende preek. So toe die Assiriërs in Asdod kom, kry hulle 'n kaal predikant wat vir hulle sê dat soos hy nou kaal is, sal hulle die mense van Egipte en Kus kaal in ballingskap wegvoer. Die Assiriërs verstaan bekering maar al te goed omdat hulle hul op Jona se mini-prediking dadelik bekeer het. Ek glo hulle het geen simpatie met hierdie spul mense gehad wat drie jaar Jesaja se bekeringsprediking ignoreer het nie. As jy nie wil hoor nie, moet jy maar voel, so lui die geseigde mos.

Besef ons hoe vernederend moes dit vir ds Jesaja gewees het om vir drie jaar kaal rond te loop? Sal een van ons predikante of pastore dit vandag doen? Sal jy bereid wees om dit te doen? Vir hoeveel jaar luister ons al na predikers wat ons oproep tot bekering? Of sal ons eers luister as ons predikant of pastoor kaal op die preekstoel klim? Mag die Here dit verhoed en ons waarlik tot inkeer en bekering bring.

Jan Lubbe